

Jy is met 'n doel gemaak

Want dit is God wat julle gewillig en bekwaam maak om Sy wil uit te voer. -Filippense 2:13

Het jy al ooit gewonder waarom jy hier is? Ek bedoel, regtig gewonder waarom jy op aarde is?

Niemand sê ooit: “Daar is nie regtig ‘n rede nie. Toe ek vanoggend wakker word, was ek maar hier in die winkelstentrum. Kan jy vir my sê hoekom ek hier is?” Tensy hulle aan geheueverlies ly.

Maar, en dis ongelooflik, as mense het ons baie keer geheueverlies. Mense bevind hulself maar net op aarde, word wakker en vra nooit die vraag: “Wat doen ek hier?” nie.

Kom ons vra dan die vraag: “Hoekom is jy hier?” En kom ek stel iemand voor na wie jy kan gaan om ‘n antwoord op hierdie vraag te kry. Die Een by wie jy die antwoord sal kry, is die Een wat jou gemaak het. Jou Skepper. Hy is die rede waarom jy hier is en Hy het ‘n doel met jou lewe.

Erken dat die Here God is: Hy het ons gemaak en ons is Syne, ons is Sy volk, Sy eie kudde. - Psalm 100:3


Die einde van geheueverlies

Die eerste ding wat jy oor jou doel moet weet, is dat God die rede is vir jou bestaan. Hy het ons gemaak. En omdat Hy het, behoort ons nie aan onself nie. Ons is Syne.

Daarna moet jy verstaan dat Hy jou om bepaalde redes gemaak het. In die eerste plek het Hy dit gedoen om ‘n verhouding met jou te hê. Hy het jou gemaak om jou lief te hê. Dit gaan alles oor die liefde wat Hy met jou wil deel.

En daar is meer. God het jou nie gemaak om ‘n nul op ‘n kontrak te wees met niks om te doen nie. Hy het jou gawes en vermoëns gegee. Hy wil hê jy moet daardie vermoëns gebruik en vermeerder op maniere wat Sy doel dien, wat ander mense help en wat jou vervul. Hy wil hê jy moet goeie, waardevolle dinge met jou lewe doen.

Hy wil ook hê jy moet Hom direk dien. Hy sê jy is Sy arms, hande en vingers op die planeet, of ten minste in jou woonbuurt. As Hy iemand kos wil gee, wil Hy jou nommer bel en seker wees dit sal afgelewer word.



Verder, Hy wil hê jy moet dit alles geniet! Hy het jou nie gemaak as 'n slaaf wat jou elke dag moet afsloof nie. Baie mense voel as hulle hulself tot diens aan God beskikbaar stel, moet hulle op die eerste die beste boot op pad na een of ander sendingstasie in die bos wees.



Sommige mense is daar. Hulle het hulself aan God gegee en Hy het hulle nie na 'n rugbyspan toe gestuur, of na 'n sokkerspan, of na 'n speelgroepie vir kleuters nie. Maar hier is die uitklophou – hulle sê dieselfde ding as die jong ma wat haar kindertjies grootmaak en die sportman: hulle weet dat hulle doen wat hulle gemaak is om te doen, en hulle is opgewonde om daar te wees as dit is waar God wil hê hulle moet wees. Hulle is volgens Sy volmaakte wil vir hulle op presies die regte plek.


Ek het tot die insig gekom dat daar vir die mens niks beter is nie as om vrolik te wees en die goeie van die lewe te geniet. Dat die mens kan eet en drink en onder al sy arbeid nog die goeie kan geniet, ook dit is 'n gawe van God. –Prediker 3:12-13

Die tree

Salomo gee ons nog 'n wenk wanneer hy sê ons moet eet en drink en bevrediging vind in werk. Hy voeg daarby:

Ek het ingesien dat dit 'n gawe uit die hand van God is. Wie kan eet, wie kan geniet as Hy dit nie moontlik maak nie? -Prediker 2:24-25

Met ander woorde, die tree wat ons moet gee is om op te hou om in die winkelsentrum rond te dwaal asof ons met ons eie inkopies besig is, en te besef: Wat die swaarste is, moet die swaarste weeg. Ons moet die eerste tree gee en ons lewe aan God oorgee. Ons moet ons lewe aan Hom gee en Hom toelaat om ons te wys waar ons moet wees: in 'n sportspan, by 'n speelgroepie, in die operasietheater of iewers in 'n donker oerwoud. Dit kom saam met *oorgawe*.



Voordat jy aan daardie woord verstik, onthou dit so: Hy het jou gemaak en Hy weet waarvoor Hy jou gemaak het. Hy weet beter as jy wat goed is vir jou. Hy wil die beste vir jou hê en Hy sal jou daarheen lei.

Gee jou lewe weg en ruil dit in vir Syne. Dit gaan dalk presies lyk soos die een wat jy nou het, net met iemand anders op die troon. Dalk gaan niks aan die buitekant enigsins verander nie. Dalk gaan iets verander. Hoe dit ook al sy, as jy jou ware doel op aarde wil ontdek, begin met oorgawe daarvan aan God.

... want wie sy lewe wil behou, sal dit verloor; maar wie sy lewe ter wille van My verloor, sal dit terugkry. – Matteus 16:25

As jy dit gedoen het, sal Hy jou lei. Jy sal steeds drome en visies hê, selfs meer as tevore. Dit word 'n verhouding waarin God jou help om die dinge te bereik waarvoor Hy jou gemaak het.

Jy sal droom en Hy sal lei. Hy sal ook jou drome lei. Die Herder sal jou help om die doel te bereik wat Hy vir jou het.